

Ontmoeting 23

Die val van Jerigo Sien jy rooi?

Ons luister na die verhaal asof Ragab dit vertel en hoor hoe God sy almag toon deur Jerigo se mure te laat val en Ragab te red.

Teks: Josua 2

Hulpmiddels:

- 'n Bal
- Vuvuzela of iets anders wat 'n groot geraas maak
- 'n Ramshoring of 'n prent daarvan
- Rooi wol of rooi tou
- “Soek-die-lawwe-foute”-prent
- “Verbind-die-kolletjies”-speletjie
- 'n Eetbare uitstalling van Jerigo
- Bokse
- Gom, papier en kryte



WELKOM

Kegelbal (Ten pin bowling)

Verdeel kinders in groepies van tien. Plak 'n lyn op die vloer met maskeerband en stel die kinders soos kegels op. Die gooiers staan agter die lyn en rol die bal na die 'kegels'. Die 'kegels' mag nie die linkervoet lig nie, maar wel die regtervoet om te koes vir die bal. Die laaste 'kegel' wat bly staan, kry 'n boekmerk. Ruil die spanne om.

Vuvuzela vries!

Gee opdrag vir 'n aksie soos “Spring op een been,” “Hardloop”, “Skree”, “Klap hande” en “Rol op die grond”. Sodra die vuvuzela blaas, moet hulle in die aksie vries.



WYDING

In Josua se tyd het hulle 'n soort trompet gemaak deur 'n ram se horing uit te droog en 'n gaatjie daarin te maak waardeur hulle kon blaas. Dit het 'n besondere klank gemaak en wanneer dit geblaas is, was dit vir almal 'n teken dat daar iets baie besonders gaan gebeur. (Wys 'n ramshoring of 'n prent van een vir die kinders.) Baie maal het God opdrag gegee dat hulle die ramshorings moet blaas. As hulle gehoorsaam was en dit gedoen het, het God iets baie spesiaals gedoen.

Temalied: “Ons God is 'n Wonder God” (Flam 85)

Stilword-ritueel:

Speel die klanksnit, sê die woorde en doen die aksies soos by ontmoetings 20 en 21 beskryf.

Die verhaal word vertel deur Ragab. Sy begin met die eerste dag toe die Israëliete om die stad geloop het. Dit is haar storie:

“Hulle is hier. Die Israëliete. Wag, laat ek eers gaan seker maak die rooi tou is stewig vas.”

(Ragab maak seker dat die rooi tou goed vas is en teen die muur ahang.) “Josua het belowe dat hulle my en almal in my huis sal spaar wanneer hulle die rooi tou sien. As die tou nie daar is nie... Nee, daaraan wil ek nie dink nie. Ek wonder hoekom stap hulle so al om die stad. Miskien probeer hulle ons bang maak. Ek is al klaar bang. Gelukkig het hulle belowe om my en my familie te beskerm.

Daar gaan hulle weer terug na hulle tente toe. Vreemd.”

(Staan rond by die tou en voel telkens of dit nog stewig genoeg is.)

“Dis nou al die derde dag. *(Ragab kyk weer by die venster uit.)* Die stadshekke is nog steeds gesluit, want die Israëliete stap elke oggend om die stad. Gister het ek na die optog gekyk. Daar is priesters en soldate wat loop sonder om te praat. Selfs die geskree van die muur af, ignoreer hulle net. Jerigo se mense en soldate spot hulle van die muur af, maar die Israëliete sê niks terug nie. Hulle priesters dra 'n goue boks met twee goue engele op. Ek het gehoor God se wet is daarin. Almal in die stad wonder, want niemand weet wat gaan gebeur nie. My familie is kwaad vir my omdat ek nie wil hê hulle moet uitgaan nie. Ek het probeer verduidelik en vir hulle gesê die Israëliete gaan hulle doodmaak. Maar hulle glo my nie. Hulle sê dis sommer stories, maar ek weet dis die waarheid. Die Israëliete lewe nie soos ons nie. Ons stad is so vol slegte mense. Ek weet, want ek het ook 'n slegte lewe gelei. Die ergste is dat hulle vir Baäl aanbid. Ek weet daar is net een ware God. Baäl is 'n afgod wat mense self uitgedink het. Hulle doen afskuwelike en wrede goed en sê hulle doen dit vir Baäl. God het hulle al honderde jare gegee om op te hou daarmee, maar hulle word net erger. Dis waarom God Jerigo gaan verwoes.

“Laat ek net weer sekermaak, ja, my tou is nog stewig vas.

“Die rooi tou is vir die Israëliete 'n teken sodat hulle hul belofte aan my kan onthou. Sjoë, vandag is dit die sewende dag dat hulle hier om die stad loop. Maar ek weet vandag gaan iets gebeur. Hulle het vandag al drie maal om Jerigo gestap. Drie maal, sê ek jou! My familie wou al uit die huis uitgaan. Ek het mooi gevra dat hulle moet bly. Daar kom hulle die vierde maal... die vyfde maal... die sesde... die sewende maal... Wat nou?

Watse lawaai is dit? (Blaas vuvuzela, laat kinders raas en skree. Ragab kyk of daar iets met die tou gebeur.)

“Die hele muur het omgeval, maar my huis staan nog!! Die God van Israel is 'n wonder God. Dis Hy wat die muur laat val het, maar dis ook Hy my gered het.”

Lees Josua 6 vers 23-25 wat Ragab se verhaal afsluit.

Kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:

1. Ek wonder hoe het Ragab gevoel oor die Israëliete wat daagliks doodstil rondom die stad geloop het.
2. Ek wonder hoe sou jy gevoel het as jy saam met Ragab in die huis was.
3. Ek wonder of jy kan onthou van 'n keer toe God jou uit gevaar gered het.



WERSKAF

1. Arm hekel of vleg 'n ketting met rooi wol of 'n (ou)rooi T-hemp wat in stroke geknip is.
2. Hoeveel lawwe foute het die kunstenaar met die prentjie van Jerigo se mure gemaak? (bo-aan bl. 15)
3. "Verbind-die-kolletjies"-speletjie
4. Kry groot bokse en pak 'n muur daarmee. Laat die kinders die verhaal uitspeel.
5. Bou 'n lekkergoed Jerigo. Die kinders kan die lekkergoedmure sommer breek.
6. Maak 'n geraasmaker-vuvuzela: gebruik 'n rekkie om 'n sagte stukkie papier oor 'n toiletrolletjie vas te sit. Maak 'n gaatjie aan die bokant en neurie deur die onderkant van die rolletjie.

Sluit af met die seënbede.



